

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 43

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Krankheid kan die geloofskrag van die sieke verlam

(Lees Job. 8 en 9)

Dit was vir Job 'n **pynlike** ontnugtering om deur dié God wat deur hom opreg gedien en van ganser harte gevrees is, so getugtig te word. Sulke vir die mense-verstand **onverklaarbare** lyde en beproewing word vir die vroom en gelowige Christusbelyer 'n bitterswaar las om te dra en te aanvaar. En as ons daarby voeg die **kwetsende** verwyte en **onredelike** beskuldigings van sy vriende, dan begryp ons waarom hy uitgeroep het, dat hy nie glo dat God hom hoor nie.

Wanneer ons uit God se woord verneem van die stryd van Job en luister na sy woorde, dan blyk dit duidelik dat die **geloofslewe** van Job net soos die van ander gelowiges nie altyd op dieselfde hoogte of in dieselfde lyn beweeg nie. Dit **styg** en dit **daal** en veral in die dae van pyn, lyde en sielsbenouing vind ons groot wisseling in die daling en styging. Hierdie **geloofsgolwing** vind ons ook by Job.

Aanvanklik loof Job vir God en berus hy in sy beproewinge. Dan verkeer hy op die **bergpieke** van geloof en sekerheid en die geloofsvlam brand **helder**. Dan weer vervloek Job sy geboorteur. Die geloofsvlam daal en sink in duister dieptes weg en die geloofsvlam **kwyn**. Dan beur hy weer langsaam uit die dieptes omhoog en besef hy die verkeerde van sy woorde. Dan roep hy **ootmoedig** tot die Here.

Ons vind hierna weer klagtes omdat God so pynlik beproef. Maar hy bly nie lank in die skaduput nie want ook uit hierdie dal styg hy moedig omhoog en spoedig verander sy klag in 'n belydenis. Ons verneem weer die **lofsang** op die majesteit van die Here wat berge versit en die aarde laat sidderbeef. Die belydenis is dikwels onsuiver. Dis die stem van 'n magtelose mens teenoor die almagtige God. Dit is die noodkreet van die benoude siel. Teen God kan hy niks vermag nie, maar uit sy omklemde hart pers daar **aanbidding**.

In die diepte van sy smartweg moet Job nogtans bely dat ondanks al die nagduister en al die vir die mens onbegrypbare, God se weë tog geprys moet word.

Dit gebeur so dikwels dat langdurige krankheid en kwellende pyne die **geloofskrag** van die sieke **verlam**. Dit is so moeilik om te begryp waarom ons so langdurig en smartlik moet ly, waarom daar geen tekens van beterskap bespeur word nie, waarom die een teleurstelling die ander moet volg sodat eindelijk alle hoop vergaan, waarom die **ou geloofsekerheid** nie meer teruggewin kan word nie, waarom alle moed verloor is.

Job het dieselfde verkeerde beskouing gehuldig wat ons vandag ook nog dikwels vind by onself. Die majesteit **en** die **almag** van God erken en aanvaar ons maklik. God is die almagtige Skepper en Hy beskik oor ons lewens en **lotgevalle**. As Hy ons wil beproef kan niemand Hom verhinder nie. As Hy wil tugtig, straf of kasty wie kan Hom keer? . . . Ons bely die goedheid en liefde van God.

Maar ons moet nie net God se almag en majesteit bely en aanvaar nie. Ons moet ook sy **WYSHEID** bely en aanvaar. Die God van hemel en aarde wat sy kinders beproef en laat ly, en wat daartoe die mag en middele het, is ook die alwyse God wat oor ons lotgevalle beskik en weet wat vir ons en ook vir sy koninkryk die beste is. Al begryp ons nie waarom ons krank is en lydend is nie, mag ons tog met groot vertrouwe daarvan oortuig wees, dat God dit weet, en vir hulle wat God liefhet, werk alles ten goede mee.

Die alwyse God weet hoeveel pyn en lyde ons sal verduur. Hy weet of ons weer sal genees en of ons genesing gedeeltelik of volkome sal wees. Hy weet of ons spoedig gesond en of ons

nog vir maande of selfs jare bedlêend sal wees. En alhoewel hierdie kennis vir ons nog verborge is, mag ons berus in sy kennis en langs die weg ook tot die insig groei dat ons lyde vir ons ook tot groot voordeel kan wees. Dit kan ons lewe louter en verdiep. Dit kan ons tot groter dankbaarheid lei wanneer ons ons eie seëninge tel. Dit kan ons oë open vir die besondere genade en barmhartigheid van God wat die verhoorder van gebede is.

Dan leer ons om te berus in sy weë en aanvaar die beproewingskruis wat Hy op ons gelê het. En wanneer ons ons lyde en beproewinge so aanvaar, dan was dit alles voorwaar vir ons lewe nie tevergeefs nie.

Geagte broeder en suster, u wat krank is. u ken ook die storms en worsteling en stryd. U ken ook die lyde en in die lyde die golwing van die geloof. U weet ook van dieptes en hoogtes. Ons moet altyd ons skuld besef voordat ons **ongloedertieren** gedagtes huldig van God. Wat is ons lyde as ons dit vergelyk met die van Immanuel. Dink aan sy géseling, kruisdood en smart. En Hy die onskuldige het nooit enige sonde begaan nie. Hy het altyd die wil van die Vader volkome volbring.

En as ek dan so let op Hom deur wie se **wonde** daar vir ons **genesing** gekom het, en as ek let op die beproefde lewe van Job en ek dit nie alles kan verstaan nie, dan moet ek nie net voortgaan om te vra **waarom** ek krankheid en smart moet verduur nie, maar ek moet ook en veral vra **hoe** ek in my krankheid en tydens my beproewing God se Naam kan verheerlik en hoe ek vir ander 'n voorbeeld kan wees van ootmoed, geloof en hemelverlange.

Dan sal deur my siekbed en lyde my geloofsvlam helderder brand en my geloof versterk word. My liefde sal verdiep en groei en my hoop sal vashou aan die groot Geneesheer wat vir my skulde versoening bewerk het, sodat ek op die nuwe aarde as gesaligde in ewige heerlikheid nooit meer krankheid, dood of graf sal ken nie. Gesien in hierdie **lig** kan my siekte en pyn en lyde vir myself en vir ander tot seën en bemoediging wees.

E. J. G. Norval.

"Ek dien God in die Natuur"

Ek het u onlangs hoor sê: "Ek gaan nie kerk toe nie. Ek kan God baie beter dien in die natuur. Daarom gaan ek Sondae liefs na plekke waar ek die natuur kan bewonder. My godsdiens word daardeur beter gevoed as wanneer ek in 'n kerk sit en na 'n vervelige gepreek van 'n man in 'n swart baadjie moet luister".

Nou is dit natuurlik so dat 'n mens God wel enigsins uit die natuur kan ken. Die natuur sê aan my dat dit nie vanselfsprekend ontstaan het nie, maar dat dit deur 'n Almagtige geskape is. En in die skoonheid van die natuur sien ons ook die werk van Gods hande.

Tog kan 'n mens God uit die natuur nie behoorlik ken as jy dit nie besien deur die bril van God se Woord nie. Alleen by die lig van die Bybel verkry 'n mens 'n suiwere visie op die natuur en leer jy om in die natuur werklik die grootheid van God te sien.

Dit is om hierdie rede dat ek tog bedenkinge daarteen het dat u God net in die natuur wil dien. Ek het 'n idee dat u in werklikheid probeer om van dié God wat vanuit sy Woord in die kerk tot u spreek, weg te vlug. Want daar in die natuur waarin u u Sondae verlustig, daar hoor u nie die oordele van God oor u eie lewe nie. Daar bereik God se roepstem tot bekering u nie. Daar hoor u nie hoe God van u eis om u hele lewe in sy diens te stel nie.

Alles kom dus daarop neer dat u voel dat God dit daar in die natuur nie vir u moeilik kan maak nie. Daar in die natuur kan u alleen maar geniet. Maar dit is vir u geen genot om in die kerk te hoor van God se oordele en die noodsaaklikheid om u te bekeer nie. Daarom vlug u van die kerk af weg.

Maar help dit u enigsins?

Of u van God se oordele hoor of nie hoor nie, dit bly tog dreigend oor u hang ook daar waar u verlustig in die skoonheid van die natuur. Maar u is bang om dit te hoor. U is bang omdat u vrees dat u u moet bekeer en u sondes moet nalaat. En daarom vlug u nou weg - na die natuur.

Maar omdat u wegvlug, hoor u ook nie van die liefde van God in Christus Jesus nie. En sonder dié liefde is alles donker— ook op die heerlikste sonskyndag te midde van pragtige natuurskoon.

Bowendien moet u ook onthou: dit is 'n eis van die Here dat u met die gemeente moet saamkom. In Hebr. 10:25 lees ons: "En laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie". En in I Petr. 2:2 staan: "En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei".

As u dus die verkondiging van die Woord in die samekoms van die gemeente nalaat om u slegs te gaan verlustig in die natuur, oortree u die gebod van die Here en sal u gewis nie ongestraf bly nie.

Gaan luister daarom na die verkondiging van die Woord van die Here in die kerk; dan sal u by die lig van die Woord die skoonheid van God se natuur beter kan bewonder en Hom meer kan eer.

P. J. de Bruyn.

Die belangrikste vergeet!

Gen. 11:4(a)

"Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan tot aan hemel reik."

Besin voor jy begin. Dis die goue reël van sukses in die lewe. Jesus leer ons ook dat dit 'n verstandige toringbouer is wat eers gaan bereken voor hy begin bou. Hy moet eers seker wees dat hy die pyp sal kan rook. Maar daar is ook meer nodig as net 'n bestekopname. Sonder God is alles tevergeefs. Die toringbouers van Babel het koppe bymekaargesit. Allerlei toetse is gemaak vir geskikte boumateriaal, tot 'n bevredigende oplossing gevind is. Die nodige opgeleide vakmanne se dienste is verkry. Die argitekte en bourekenaars, die werksvoormanne, vakmanne en tegniese adviseurs was gereed. Die grootste projek in die geskiedenis van die mensdom is begin: "'n stad en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik", met 'n paar oogmerke. Eerstens, die reklamewaarde ("laat ons vir ons 'n naam maak" — eintlik selfverheffing), en dan natuurlik vir hul nasionale selfbehoud ("sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie").

En so, met die nodige toesprake en die spit van die eerste sooi, het die werk dan begin, wat 'n magtige monument moes word van die vernuf en tegnies-wetenskaplike prestasies van die mensdom. Alles haarfyn bereken, behalwe iets (of liever Iemand):God. Niemand het met Hom gereken nie — en om die waarheid te sê, niemand het gedink dis nodig nie! As jou berekening korrek is, en alles in die haak, hoef jy mos nie met God te reken nie — jy hoef nie te vra of God dit goedkeur nie. Jy reël mos self jou sake. Die Babelse verwarring wat God onder hulle kom strooi het, sodat die onderneming 'n groot mislukking geword het (en 'n spreekwoord)—hoeveel moderne Babelbouers se ongere ondervinding was dit nie ook nie! Wie sonder God wil bou, se toring stort ineen — vandag nog! Miskien sal dit 'n rukkie suksesvol lyk (dit lyk werklik of die ongelowige sukses het, maar dis net skyn — let op hul einde (Ps. 73). Op die ou end stort dit tog in duie.

Die Babelbouers raak so verward dat dit uitloop op 'n chaotiese gevloek en geswets. Die messelaar en die timmerman verstaan mekaar nie meer nie. Die voorman praat of hy met esels praat — alles net mooi agterstevoor en verkeerd om. Die handlangers is totaal dronkgeslaan. Die mense raak so boosaardig en verward, dat hulle wegtrek en oor die aarde versprei. God se wil gaan deur!

Met die moderne Babelbouers sal dit net so gaan. Die ongelooflike groot dinge wat die mensdom aanpak sonder God se wil te vra, moet op 'n ineenstorting uitloop, en die geskiedenis sal dit bewys.

En ons lewe, ons ondernemings, ons toekomsplanne en ideale — ken ons God daarin? Word God gedien by die opvoeding van ons kinders, in ons huwelikslewe, ons boerdery en bedryf? Wandel ek met God?

Die eeue het dit soveel keer oor en oor bewys, wat ons lees in Ps. 126:1. "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter." Glo ons dit? Kom dan, laat ons lewe volgens ons geloof!

W. J. Maritz.

ONS GODE IS DOOD

"Ons gode is dood".

Hierdie woorde is baie eeue gelede deur die hand van 'n wanhopige mens met slordige letters uitgekap op een van die klippe in die stadsmuur naby die poorte van Babel.

Met die opgrawings in dié land is die klip waarop die woorde staan, onder die stadspuin ontdek.

Ons gode is dood.

Op hierdie dooie gode, Bel en Nebo, het die Babiloniërs vertrou.

'n Lang tyd het dit gelyk of hierdie twee gode die sterkste in die hele wêreld is.

Geen enkele god kon sy volk red uit die hande van die aanbidders van Bel en Nebo nie.

Het Bel en Nebo Babel nie gemaak tot heerser oor al die koninkryke van die destydse bekende wêreld nie? Was Bel en Nebo dan nie sterker as selfs die God van Israel nie? Is die Jodevolk wat op hulle God vertrou het, dan nie in ballingskap na Babel weggevoer, en is hul hoofstad Jerusalem, nie met die grond gelyk gemaak nie?

Het Bel en Nebo dan nie die God van Israel gedwing om sy tempelskatte aan hulle uit te lewer nie? Daarom het Babel trots beveel: Dra ons godebeelde rond deur die strate van die stad in 'n plegtige prosesie.

Laat vir Bel en Nebo lofliedere opklink, en eer hulle met kosbare offers.

Buig diep voor julle gode, mense van Babel!

Maar hoor nou wat doen die profeet Jesaja. Hy spot met Bel en Nebo! Hy sien in 'n profetiese vergesig (hoofstuk 46 van sy profesie) hoe die Here tot die stryd gaan opstaan om sy volk te verlos uit die hande van hierdie afgodsdienaars, Hy sien hoe die Here die Persiese Arend, Kores, uit die Ooste roep om die gevleuelde Babiloniese leeu dood te maak. Hy sien profeties hoe Persiese leërs die land oorstrom en hoe Babel verwoes word.

Waar is Bel en Nebo nou?

Spottend teken Jesaja die angsk van Bel en Nebo in hierdie tyd. Hulle sak van angst deur hulle knieë. Bel stort ineen soos 'n leë sak, en Nebo gaan krom staan op sy knieë. Hulle val voor Kores neer soos smekelinge. Hulle kan Babel nie red nie, want hulle kan hulleself nie eens red nie.

En as die Persiese leër 'n segeryke intog hou, word die beelde van Bel en Nebo van hulle voetstukke afgetakel.

Toue word om die swaar godelywe heengeslaan, en soldate sleep hulle by die poorte van die groot tempels uit. Op krakende waens word die swaar klipgode van Babel gelaai, en die trekdier moet beur om hulle weg te ry. As die swepe klap en die stoet in beweging kom, gaan hierdie godebeelde onder die rollende geklop van vragwawiele in ballingskap.

Miljoene mense het hulle aanbid en geëer, die grond waarop hulle voete getrap het, gekus, hulle guns met offerandes gesoek, blindelings geglo in hulle mag.

Nou word hulle as dooie stukke bagasie weggevoer. Transportware op waens en pakkdiere.

En as hulle by die stadspoorte uitgesleep word, begin 'n man met slordige letters die belydenis van sy wanhoop uitkap: Ons gode is dood!

Die spotlag van Jesaja oor die dooie gode van Babel, kan gerus weerklank vind in die hart van die kerk van die twintigste eeu. Want Jesaja het God wat in die hemel woon, hoor lag oor die grootdoenery van alle afgodery.

Sien ons nie voor ons oë hoe die gode van die twintigste eeu een na die ander van hul trotse trone tuimel en in ballingskap gevoer word nie?

Wat het geword van Adolf Hitler wat homself soos 'n god laat vereer het? Waar is Rosenberg wat geroep het: Ewige Duitsland gaan bo God? Wat het geword van die evangelie van die Nasionaal-Sosialisme wat hemel op aarde wou bring?

En Mussolini wat met sy toesprake skares mense in aanbiddende vervoering gehad het?

Wat het geword van die groot imperialistiese mag van Engeland wat aan die begin van hierdie eeu ons vaderland met bloed geverf het?

Waar is Josef Stalin wat duisende mense in Siberië laat sterf het?

Wat het geword van mnr. Chroestsjof, die slagter van Hongarye?

Hulle lê in die stof van die aarde neergewerp, en hul denkkeelde word een voor en die ander na soos dooie afgodsbeelde afgetakel en as nuttelose transportware na die ashope van die wêreld aangekarwei. En die mense wat hulle aanbid het, kan gerus op die poorte van hulle stede skrywe: ons gode is dood.

Teenoor die dooie gode wat gedra moet word, teken die Bybel 'n God wat sy volk dra.

"Luister na My, o huis van Jakob, julle wat deur My gedra is van die moederskoot af . . . ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra, en Ek sal julle opneem, en julle dra en red" (Jes. 46:3, 4).

Die Here Jesus het al ons laste op Hom geneem. Jesaja het al voorspel:

Ons smarte, dié het Hy gedra (Jesaja 53:4).

Hy sal hulle skuld dra (Jesaja 53:11).

Terwyl Hy tog die sonde gedra het (Jesaja 53:12).

En Paulus sê: dag na dag dra Hy ons.

Totius het êrens geskrywe: Hoe dikwels dink ons nie dat ons onself moet dra deur die lewe, dat ons onself moet help. Dis afgodery. Ons het 'n God wat dra en nie gedra wil wees nie. Ook wat ons sondes betref, dink ons dat ons dit kan dra. Dis afgodery.

En u?

Gaan u gebuk onder die las van afgode wat deur u gedra moet word?

Of dien u 'n God wat u in sy liefde dra?

P.W.B.

GETUIGSKRIF

HEIL DIE LESER

Hiermee is dit vir ondergetekende 'n besondere genoë om van myself,

PAUL, PIET, — EKSELF

die volgende te kan getuig:

My lewe was, sover my vriende, my gerief en my eie belange toegelaat het, voorbeeldig. Daarby is ek iemand wat geweet het wat ek wil en nie toegelaat het dat my gewete my van koers af bring of parte speel nie.

Beginselsake het nooit my lewe versuur nie. Ek gee nie om as mense volgens sogenaamde beginsels lewe nie — ek wou net nie hê dat dit inmeng met my eie privaat lewe nie. Hierin het ek dan ook geslaag.

My lewe was 'n sukses. Ek het hard gewerk en heelwat aardse besittings bymekaargemaak. Ek het ook daarmee gedoen wat ek wou omdat dit myne was. Ek het altyd geglo dit is kaf om te sê God het dit aan jou gegee, dis eintlik Syne wat tot sy eer gebruik moes word.

Ek het nogal so nou en dan kerk toe gegaan, veral vroeër, omdat ek van die dominee se preke gehou het. Natuurlik, ek het nie uitgevoer wat hy gesê het nie. Hy het gepraat van bekering. Bekeer? Ek is mos goed genoeg. Ek het my nooit van die Kerk of die Bybel laat voorskryf nie. Ek het altyd nog vir myself gedink.

In die Bybel het ek so nou en dan gelees, maar dit het my verveel. Daarom het ek dit laat staan. Ek het dit ook nie nodig gevind om te bid nie, aangesien dit niks help nie. Die reën kom tog vanself, of jy bid of nie en jy word maar weer vanself gesond, of jy gaan dood.

Die rede waarom ek opgehou het om kerk toe te gaan, is omdat hulle met my begin sukkel het. Ek moes dan nie Sondae gaan piekniek maak of in my tuin werk nie. Ek het glo te min kerk toe gekom en my kinders ook nie gebring nie. Ek glo egter jy moet 'n kind laat doen wat hy wil, anders kry hy komplekse.

Van die kerkmense het ek nie gehou nie. Hulle dweep met hulle godsdiens en intussen is hulle huigelaars met meer sondes as ek op hulle kerfstok.

As ek 'n paar van my prestasies mag noem, wil ek net nog meld dat ek 'n taamlike posisie in die samelewing beklee het. Ek het baie gedoen vir die ekonomiese en industriële vooruitgang van die land. Van finansies het ek alles geweet en ek was 'n uitbinker op sportgebied. Die politiek het my ook baie geïnteresseer.

Onafhanklik soos ek was, het ek van niemand iets nodig gehad nie. Ook nie van God nie. Ek het my sake alles self gereël soos ek dit wou hê. Vir my medemens het ek nie veel omgee nie, om die waarheid te sê. Die lewe stel harde eise aan 'n mens en dit bring jou nêrens om saghartig te wees nie. Dis maar elkeen vir homself — die een se dood is die ander se brood.

Tog was ek 'n groot sukses in die sosiale lewe van ons dorp. My groot vriendekring getuig daarvan. Daar is min partytjies gehou waarheen ek nie uitgenooi was nie.

Graag noem ek hierdie dinge om aan te toon dat ek uitnemend geskik is vir 'n posisie in die saligheid hiernamaals. Waar my aardse lewe binnekort beëindig sal word, hoop ek dus om in

die hemelse vaderland binnegelaat te word.

(Geteken) EKSELF.

NS. Wat gaan die uitspraak wees? Kan dit iets anders wees as hierdie: "Geweeg, geweeg, maar te lig bevind, aansoek afgewys"? (Dan. 5:27)

Hoe 'n getuigskrif kan u van uself gee?

W. J. Maritz.

GESPREK MET DIE SAKEMAN

Ek wil graag as 'n belangstellende vriend met u, die besige sakeman, gesels. Ek hoop dat u te midde van u besonder druk program tog 'n kansie sal kry vir hierdie skriftelike onderhoud van *my met u*.

Ek is baie goed bewus van die feit dat dit met u — veral party dae — verskriklik dol gaan sodat u nie altyd mooi weet of u kom of gaan nie. As die telefoon gedurig lui en klagtes van mense wat ontevrede is, u ore laat tuit en u korrespondensie ophoop, word die kwaliteit van u senuwees ook maar deeglik op die proef gestel. Ek het werklik simpatie met u.

Tog is dit juis hierdie verskriklike besige lewe van u wat my so bekommerd oor u maak. En nou dink ek nie in die eerste plek aan 'n moontlike hartkwaal waarteen u vrou en u dokter u miskien al gewaarsku het nie. Maar wat my veral bekommerd maak, is dat u so besig is dat u nie meer tyd het vir die Here en sy sake nie. U het nie meer tyd om die Bybel nadenkend te lees en te oorpeins nie — om van Christelike boeke en blaaie waardeur u siel gevoed kan word, nie eers te spreek nie. As u die aand nie afsprake het om na te kom nie, is u so moeg dat u werklik nie nog lus voel vir die Bybel nie. U gebedslewe het as gevolg van u besige lewe ook al oppervlakkig begin word. En om Sondag kerk toe te gaan — ag, nouja, u voel 'n mens wil darem ook één dag hê om te rus.

Sien u nou wat gebeur? God verdwyn al hoe meer uit u lewe. Christus se oneindige liefde wat Hy ook vir u aan die kruis bewys het, ontroer en verbly u nie meer nie, want dit is nie meer vir u 'n konkrete werklikheid nie. U begryp natuurlik dat so 'n lewenshouding fataal is, want wie ver van God sy weg wil gaan, stap op 'n donker afgrond aan.

Wat baat dit u dat u skatryk word en baie roem en eer verwerf, maar met u dood — wat enige tyd kan kom — die ewige oordeel tegemoet gaan? Christus stel ook aan u die vraag: Wat baat dit jou dat jy die hele wêreld win en skade ly aan jou siel? Pasop dat geld en besigheid nie naderhand u god word wat u dag en nag voortdryf om hom te dien nie.

Daarom wil ek u vriendelik waarsku: U lewe is besig om meer en meer ongebalanseerd te raak omdat u steeds verder van God afdwaal. Luister daarom na goeie raad: Maak tyd vir God en sy diens. Verlig u program só dat u werklik tyd kan hê om die Here te soek in sy Woord, in die gebed, in die kerk en so nader aan Hom te lewe. Dit mag miskien vir u 'n tydelike verlies meebring, maar hierdie tydelike verlies kan moontlik 'n ewige wins by die Here vir u. beteken.

En dan 'n ander saak.

Ek het gehoor van mense wat sê dat dit onmoontlik is om vandag in die sakewêreld 'n sukses te maak as jy in alle opsigte jou Christelike beginsels uitleef en eerlik en regverdig is en handel volgens die eis van die Christelike liefde. Nou moet ek u eerlik sê dat ek dit beslis nie glo nie. Bowendien is so 'n bewering geheel en al in stryd met wat die Bybel ons leer.

Ek weet nie of u u miskien aan leuens, kullery en onreg in u besigheid skuldig maak nie, maar ek wil maar waarsku dat u dit nooit moet probeer nie. Ja, u sal dit miskien op so 'n fyn manier kan doen dat u nie betrap word nie en die landdros of regter geen oordeel oor u kan uitspreek nie. Maar moenie vergeet nie: behalwe die aardse regter is daar 'n hemelse Regter en voor Hom sal ook u eenmaal verskyn en Hom sal u beslis nie kan mislei of bedrieg nie, want by Hom is al u gedagtes, woorde en werke bekend.

Daarom wil ek u aanraai om ook in die sakewêreld so op te tree dat u handelswyse die toets van God se wil kan deurstaan. Dit kan moontlik tot gevolg hê dat u sekere transaksies of winste kan verloor, maar dan kan u seker wees van die seën van die Here op u arbeid, want

Hy belowe sy seën aan dié wat in sy weë wandel, en die seën van die Here is tog baie meer werd as 'n paar oneerlike transaksies.

Ook ten opsigte van die sakelewe sê die Here: "Welsalig is die man wat die Here vrees, wat 'n groot welbehae in sy geboorte het . . . Oorvloed en rykdom is in sy huis" (Ps. 112:1,3).

Mag dit so met u gaan.

P. J. de Bruyn.